

19 Mei

**Skrifgedeelte: Eksodus 9 (OAV)
Fokusgedeelte: Eksodus 9:20-21**

Hoor die mens?

Met die sewende plaag val dit op dat die Egiptenare vooraf kans kry om beskermende maatreëls te tref. Hierby kom nou die toets vir Farao en sy dienaars: Het hulle al iets geleer uit die voorafgaande plaë? Sou hulle op die waarskuwende woorde van die Here ag gee? Die reaksie was tweërlei: Sommige het die woorde van die Here gevrees en hulle slawe en diere na veiligheid gebring. Ander het hulle nie aan die woorde van die Here gesteur nie en hulle slawe en vee is oorgelaat aan die woede van die elemente wat God beskik het.

Jesus Christus gee later ook die waarskuwing: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe" (Joh 5:24). Hierdie "hoor" sluit geloof en gehoorsaamheid in. Die gelowige aanvaarding van die blye boodskap van verlossing wat Jesus kom verkondig het, is die eerste tree op die pad na die ewige lewe.

Hardnekkige ongeloof is doof vir alle eerlike waarskuwings en verstandige raad. Hierdie onverskilliges se dood is hul eie skuld. Hierteenoor leer ons van Jesus: "Ja, maar salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar" (Luk 11:28).

Sing: Psalm 40:4

Ds SA Cilliers (Waterberg)